Jaargang 57 Nr. 3

ISSN 1029-8754
Desember 2009

ROEPING en RIGLYNE
TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

JOHANNES CALVYN GEDENKUITGAWE

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding,**
- **Christelike onderwys en**
- **Christelike wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug." (Spreuke 1:7)

"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Geneem uit: *Calvyn vir vandag*. Dagstukke

Hebreërs 4:1-13

Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleinsaf die heilige Skrif. Hulle kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. – 2 Tim. 3:14, 15

Daar is mense wat die Skrif minag; hulle meen dat hulle langs 'n geheimsinnige weg na God kan gaan. Van hierdie mense kan gesê word dat hulle nie soseer op 'n dwaalspoor is nie, maar eerder dat hulle deur waansin voortgedryf word. In die jongste tyd het sekere warhoofde hul verskyning gemaak wat hooghartig beweer dat dit nie eens nodig is om die Skrif te lees nie. Volgens hulle sou dit dan genoeg wees om deur die Gees geleer te word. Hulle dryf ook die spot met die eenvoudigheid van hulle wat nog steeds aan die dooie en dodende letter, soos hulle dit noem, vashou.

Maar ek sou graag van hulle wil weet wat vir 'n gees dit is, deur wie se inblasing hulle tot so 'n hoogte opgevoer word dat hulle die leer van die Skrif as kinderagtig en sonder betekenis durf minag. Want as hulle antwoord dat dit die Gees van Christus is, dan is so 'n selfversekerdheid baie lagwekkend: hulle sal toegee, so veronderstel ek, dat Christus se apostels en die ander gelowiges in die vroeë kerk, deur geen ander Gees verlig was nie. En tog het dié Gees geeneen van hulle geleer om die Woord te minag nie. Inteendeel. Hy het elkeen van hulle eerder met groter eerbied daarvoor vervul, soos hulle geskrifte baie duidelik getuig … Hoewel Paulus tot in die derde hemel opgetrek is, het hy nie daarvan afgesien om vordering te maak in die lering van die Wet en die Profete nie. So vermaan hy ook vir Timoteus, 'n leraar van besondere voortreflikheid, dat hy moet aanhou met lees (1 Tim. 4:13).

Insiggewend is dan ook in dié verband sy lofspraak op die Skrif (2 Tim. 3:16). Hy sê dat dit nuttig is tot lering, tot vermaning en tot weerlegging, sodat die diensknegte van God volmaak mag word.

Here, maak ons lewend deur u Woord én Gees.

Institusie van Calvyn, deel I,9,1.

IN HIERDIE UITGAWE

Oor die heilige Skrif 3

Art. 36 en die owerheid 6

Calvyn en die jongmens/student 8

Calvyn en die Woord 11

Calvyn in biografiese konteks 13

DIE HEILIGE SKRIF IS GEEN DOOIE LETTER NIE



"Daar is mense wat die Skrif minag; hulle meen dat hulle langs 'n geheimsinnige weg na God kan gaan. Van hierdie mense kan gese word dat hulle nie soseer op 'n dwaalspoor is nie, maar eerder dat hulle deur waansin voortgedryf word." (*Institusie*, I, 9, 1).

JOHANNES CALVYN GEBORE 1509

- Johannes Calvyn is op 10 Julie 1509 te Noyon in Noord-Frankryk gebore.
- As jong seun het Calvyn reeds getoon dat hy besonder talentvol was.
- Volgens sy vader se wens het Calvyn in die regte studeer aan die universiteite te Orleans en Bourges.
- Nadat hy tot bekering gekom het wy hy hom aan die reformasie van die kerk.

MARTIN LUTHER EN DIE BEGIN VAN DIE REFORMASIE

Op 31 Oktober 1517 spyker Martin Luther sy 95 besware teen die Roomse kerk op die kerkdeur van Wittenberg vas.

Terwyl hy 'n student te Erfurt was, lees hy in die kloosterbiblioteek die woorde van Romeine 1: 17 toe hy die Bybel oopmaak – die regverdige sal deur die geloof lewe!

Calvyn oor die Heilige Skrif

- Ds. H. Hefer

Inleiding

Johannes Calvyn kan met reg 'n "man van een Boek" genoem word. Uit sy geskrifte straal daar 'n diepe eerbied vir die Heilige Skrif. Sy *Institusie van die Christelike Godsdiens*, Skrifverklarings en ander geskrifte spreek duidelik van sy oortuiging dat die Bybel die onfeilbare en gesagvolle Woord van die lewende God is.

Om reg te laat geskied aan die Skrifbeskouing van Calvyn behoort ons nie net sy *Institusie* te bestudeer nie – ons behoort ook kennis te neem van wat hy in sy ander geskrifte oor die Bybel geskryf het. Vir die doeleindes van hierdie artikel konsentreer ons egter op sy *Institusie van die Christelike Godsdiens*, in besonder Boek 1:6-10 met enkele verwysings na uitsprake in ander geskrifte.

God is die oorsprong van die Skrif

Calvyn was oortuig dat God die "Oorsprong" van die Skrif is. (1:9:2) Sy geskrifte is deurdrenk van verwysings na die Skrif as die "Woord van God". Male sonder tal verwys hy na of haal hy aan uit die Skrif met die inleidende woorde "Soos die Heilige Gees sê". Ja, die Heilige Skrif is die "skool van die Heilige Gees wat die beste Leermeester is" (4:17:36).[1]

Hierdie Woord het die Heilige Gees deur die bemiddeling van mense aan Sy kerk geskenk. Die profete en die apostels was "egte skrywers" van die Heilige Gees (4:8:9). Die Here het self Sy woorde in die mond van Sy diensknegte gelê (4:8:3) en hul in staat gestel het om dit te verkondig en op skrif te stel. Die monde van die profete was die "eie heiligdom van die Gees" waarin Hy regeer het.[2] In die woorde van Johannes Calvyn:

- "Dit (Moses se profesieë) adem so duidelik die openbaring van God dat mense met gesonde verstand daarvan seker is dat dit God is wat daar spreek. Kortom: sy lied alleen is al 'n helder spieël waarin God duidelik te voorskyn kom. (1:8:7) In die ander profete kan dit selfs duideliker waargeneem word. Ek sal slegs maar enkele voorbeelde kies, omdat dit te veel inspanning sou verg om almal te versamel ..." (1:8:8)
- "Of 'n mens Dawid, Jesaja en dergelike skrywers, wie se styl innemend, aangenaam en vloeiend is, lees, en of jy Amos, 'n veeoppasser, Jeremia en Sagaria, wie se growwe styl na die plaas smaak, lees, die majesteit van die Gees, waarvan ek melding gemaak het, sal oral merkbaar wees." (1:8:2)

So oortuig was hy van die inspirasie van die Skrif dat hy kon sê dat ons aan die Skrifte dieselfde eerbied as aan God verskuldig is[3] en dat God Self deur die prediking van sy Woord in ons midde is.[4] Hierdie oortuiging het hom ook gedring om sy katkisante aan te spoor om met onwrikbare oortuiging daaraan vas te hou dat die gewisse waarheid van die Bybel "slegs vanuit die hemel kom" en hulle op te roep om die Skrif lief te hê, hulle na wil en verstand daaraan te onderwerp en hulle daardeur te laat vorm.[5]

Die geloofwaardigheid van die Skrif

Die Hervormer van Genève het ook groot klem op die geloofwaardigheid van die Heilige Skrif gelê. Dit is geloofwaardig en betroubaar, nie omdat mense dit as betroubaar beoordeel of omdat die kerk so besluit het nie, maar omdat dit die Woorde van God is. Calvyn skryf:

- "Wanneer die kerk die leer (*van die Skrif*) aanneem en met sy instemming beseël, maak die kerk dit nie geloofwaardig asof dit eers twyfelagtig en onseker was nie; ... Die Skrif dra immers inherent 'n aanvoeling van eie waarheid wat net so duidelik is as wat wit en swart 'n eienskap van kleur en soet en bitter van smaak is." (1:7:2)
- "Ek laat hulle leer oor die mag van die kerk om die Skrifte goed te keur doelbewus agterweë. Om die uitsprake van God op so 'n wyse aan die oordeel van mense te onderwerp dat dit vas en seker is bloot omdat dit mense aangestaan het, is trouens laster wat nie verdien om in herinnering geroep te word nie." (4:9:14)

Die mens, in sy gevalle sondige toestand, is egter nie in staat om die geloofwaardigheid van die Skrif te aanvaar nie. Slegs die Heilige Gees kan ons daarvan oortuig. In die woorde van Calvyn:

- "Want soos God alleen in sy Woord 'n bekwame Getuie vir Homself is, sal die Woord geen geloofwaardigheid in die hart van die mens vind voordat dit deur innerlike getuienis van die Gees beseël word nie. Gevolglik moet dieselfde Gees wat deur die mond van die profete gespreek het, noodwendig ons hart binnedring om ons te oortuig dat Hy dit wat God verbied het, getrou aan ons oorgedra het." (1:7:4)
- "Laat dit dus onwrikbaar vas bly staan dat mense vir wie die Heilige Gees in hulle binneste geleer het, volkome in die Skrif berusting vind dat die Skrif op sigself geloofwaardig is en dat dit ons nie geoorloof is om dit aan bewysvoering en redenasies te onderwerp nie ... Want ten spyte daarvan dat

Vervolg op bl. 4

1 Uitsprake en aanhalings uit die *Institusie van die Christelike Godsdiens* (1559) soos vertaal deur H.W. Simpson tensy anders vermeld.

2 Vergelyk sy kommentaar op 2 Petrus 1:20-21. Vergelyk die *Institusie* 1:8:8

3 Kommentaar op 2 Tim 3:16

4 Lawson, ble 28-29

5 Vergelyk Calvyn se Kategismus, vraag 303.

Vervolg van bl. 3

> die Skrif vanself deur eie majesteit eerbied vir homself bewerk, beïnvloed dit ons tog eers ernstig wanneer dit deur die Gees in ons hart beseël is." (1:7:5)

Die gesag van die Skrif

As die onfeilbare Woord van God dra die Skrif ook Goddelike gesag! Die Skrif alleen is die enigste en volmaakte bron van die kennis aangaande God. Calvyn skryf: "Maar aangesien daar nie meer elke dag godsprake uit die hemel aan ons gegee word nie en net die Skrif beskikbaar is as middel waardeur dit die Here behaag het om sy waarheid ter ewige gedagtenis te heilig, dra dit met reg volle gesag onder gelowiges wanneer hulle vasstel dat dit uit die hemel voortgevloei het net asof die lewende Woord van God self daarin te hoor is"(1.7.1).

Die Woord is die septer van Christus waardeur Hy sy kerk regeer (4:2:4). As die gesagvolle Woord van God is dit die enigste en volmaakte rigsnoer vir ons geloofslewe. Daarom moet ons geloof daarop gegrond en daardeur gevoed, gesuiwer en versterk word. Ons lewenstyl moet daardeur geheilig word. Terselfdertyd is die Woord die regter waardeur ons leer en lewe beoordeel moet word. Nie net in ons persoonlike lewe nie, maar ook in ons gemeentelike/kerklike lewe moet die Woord die enigste rigsnoer vir ons leer en lewe wees (4:8:8).

Die noodsaaklikheid van die Skrif

In die lig van sy oortuiging aangaande die oorsprong, geloofwaardigheid en gesag van die Bybel, is dit voordie-handliggend dat Calvyn ook die noodsaaklikheid van die Skrif sou beklemtoon. Hy wys daarop dat die algemene openbaring nie genoegsaam is om God te leer ken nie. Daarom het ons die besondere openbaring, soos dit in die Heilige Skrif opgeteken is, nodig. Kom ons stel hom self aan die woord:

- "Die glans wat in die hemel en op die aarde almal se oë tref, beroof die mens deur sy ondankbaarheid heeltemal van alle verontskuldigings. Soos God sy Goddelike mag, soos dit in sy skepsels afgebeeld is, sonder uitsondering aan alle mense voorhou om die hele mensdom in dieselfde skuld te verstrengel, moet daar tog 'n ander beter hulpmiddel bykom om ons behoorlik na die Skepper van die wêreld op koers te bring. Daarom het Hy nie sonder rede die lig van sy Woord daar bygevoeg sodat Hy daardeur tot ons heil aan ons bekend kan word nie." (1:6:1)
- "Ek herhaal: ons moet tot die Woord kom waar God reg en lewendig na aanleiding van sy werke beskrywe word ... Die glans van die aangesig van God, wat die apostel ook ontoeganklik noem, is vir ons soos 'n doolhof sonder uitkoms tensy ons deur die rigsnoer van die Woord daartoe gelei word." (1:6:3)

Die verstaan en uitleg van die Skrif

"Die Skrif volledig" was vir Calvyn net so belangrik as "die Skrif alleen". Hy was oortuig dat die boodskap van die profete en die woorde van die apostels 'n eenheid vorm.[6] Hierdie eenheid was vir Calvyn van deurslaggewende belang vir die verstaan van die Bybel. Daarom moes elke teks in die lig van die res van die Skrif verstaan en uitgelê word.[7] Die eenheid van die Bybel moes ook neerslag vind in die teologie en in die leer van die kerk. Die kerk en die teologie moes daarna streef om reg te laat geskied aan alles wat God in Sy Woord geopenbaar het.

Calvyn was verder van oortuiging dat die Heilige Gees en die Woord onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Die Skrif is die woorde van die Gees. Hy alleen is die enigste betroubare uitlegger van Homself.[8] Daarom is Hy die enigste Een wat ons in staat kan stel om die Skrif te glo, te verstaan en uit te lê. Ons afhanklikheid van die Gees hef egter nie ons verantwoordelikheid op nie. As leerlinge van die Skrif het ons die verantwoordelikheid om dit met groot erns en getrouheid te bestudeer en met groot verantwoordelikheid te verklaar en te verkondig.[9]

Wat die metodiek van Skrifuitleg betref het Calvyn gebreek met die hermeneutiek van sy tyd. Hy het die uitgangspunt dat 'n teks 'n meervoudige betekenis[10] het, verwerp. Calvyn het in sy eksegese gestreef om die voor-die-hand-liggende (ooglopende) betekenis van die teks te handhaaf.[11] Daarom het hy probeer om die letterlike betekenis van die woorde, gesien teen die agtergrond van die tydsomstandighede waarin dit uitgespreek is, te bepaal. Hierdie "grammaties-historiese benadering" het daartoe gelei dat hy die allegoriese metode van Skrifverklaring verwerp het.

Sy verklaring van die Skrif was gerig op die geestelike opbou van die gelowiges. Hy wou deur sy eksegetiese arbeid 'n bydrae lewer tot die versterking en suiwering van hul geloof en die heiliging van hul lewe. Daarom het hy daarna gestrewe om sy verklaring kort en verstaanbaar te hou en het hy omslagtige beredenering, spekulasie en hoogdrawendheid vermy.

Calvyn het daarna gestreef om 'n kerklike kultuur te skep waar alle gelowiges – leraars en lidmate – self die Skrif sou lees en bestudeer, maar terselfdertyd die geleentheid sou hê om deur ander onderrig te word. So sou almal toegerus word om hul besondere roeping in die liggaam van Christus te vervul.[12] Aan die een kant het hy besef hoe noodsaaklik dit is dat elke gelowige, selfs die eenvoudigste, die Woord sal lees en bestudeer. Aan die ander kant

6 Vir Calvyn se standpunt oor die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament vergelyk onder andere sy *Institusie*, Boek 2:10-12

7 Met ander woorde – die Skrif is sy eie uitlegger.

8 Vergelyk sy kommentaar op 2 Petrus 1:20-21.

9 Vergelyk die Kategismus van Calvyn, vrae 297 tot 309.

10 Die skolastiese hermeneutiek van daardie tyd het uitgegaan van die standpunt dat 'n teks 'n viervoudige betekenis het – 'n *letterlike* wat jou leer wat gebeur het, 'n *allegoriese* wat jou leer wat jy moet glo, 'n *sedelik-morele* wat jou leer hoe jy moet lewe en 'n *anagogiese* wat jou leer waar jy heengaan. (Vergelyk J.L. de Villiers se artikel oor die Skrifbeskouing en Skrifverklaring van die Hervormers in: *Calvyn Aktueel*, NG Kerk Uitgewers 1982, ble 32 tot 34.)

11 Vergelyk Lawson, ble 71-73.

12 Vergelyk Zachman, ble 55-76.

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 4

was hy terdeë bewus van die noodsaaklikheid van die bediening en bedienaar van Woord. In sy kommentaar op Handelinge 8:31 skryf hy: "En hier moet ons onthou dat nie net die Skrifte aan ons gegee is nie, maar dat leraars bygevoeg is om ons te help om die Skrif te verstaan. Daarom het die Here eerder vir Filippus as 'n engel na die hofdienaar van Ethiopië gestuur."[13]

Reeds omdat die bedienaars van die Woord so 'n belangrike funksie vervul het, het Calvyn ook groot klem op hul toerusting gelê. Hoe kan die bedienaar ander onderrig as hy nie self erns maak met die bestudering van die Woord nie. Dit is tog die fontein van alle wysheid waaruit die leraar moet put voordat hy die kudde kan bedien. Wee dan die luiaard wat nie dag en nag die Woorde van God bestudeer, sodat hy sy roeping as bedienaar kan vervul nie.[14]

Hierdie brandende begeerte om die Heilige Skrif in die hande van alle gelowiges te stel, verklaar ook Calvyn se ondersteuning van die vertaling van die Skrif in die alledaagse spreektaal. Dit verklaar ook sy sterk bewoorde standpunte teen diegene wat nie die Bybel vir die man op straat beskikbaar wou stel nie. Hy skryf byvoorbeeld: "Ook sou ek terloops die duiwelse voorneme aan die kaak moet stel van diegene wat die gewone volk van die weldaad van God durf beroof deur hul te verbied om die Heilige Skrif te lees, asof God nie verklaar het dat dit Sy bedoeling was om dit in alle lande en alle tale bekend te maak nie." [15]

Ten slotte

Onder die opskrif "aan die leser" in die Geneefse Vertaling van die Bybel (1546) skryf Johannes Calvyn 'n loflied op die Heilige Skrif. "Dit is die belangrikste besitting wat ons op aarde kan hê, die sleutel wat ons toegang gee tot die Koninkryk van God, ... die lamp wat ons weg in hierdie donker wêreld verlig. Dit is die skool van alle wysheid, ja, van wysheid wat alle menslike wysheid te bowe gaan en waarvoor selfs die engele bewondering het. Dit is die spieël waarin ons die aangesig van God sien om ons tot sy heerlikheid te verander. Dit is die koninklike septer waardeur Hy ons as sy volk lei en sy staf wat simbool is daarvan dat Hy ons Herder wil wees ..."

Dit is die taal van 'n man wat deur die genade van God sy ganse bediening gewy het aan die bestudering en die verkondiging van die Woord en so vir ons 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel het. Die vraag waarmee ons in 2009 gekonfronteer word, is voor-die-handliggend: Volg ons sy voorbeeld na? Kan dit van ons gesê word – 'n man, 'n vrou van een Boek – die Boek!

13 Eie parafrase. Vergelyk ook Calvyn se kommentaar op 2 Tim. 4:1.
14 Vergelyk Calvyn se kommentaar op 1 Tim. 4:13 en 14.
15 "Aan die leser" in die Geneefse Bybelvertaling (1546).

Insiggewende leesstof oor die Skrifbeskouing van Johannes Calvyn

1. Coetzee, C.F.C. 1972. Die Skopus van die Skrif by Calvyn. Ongepubliseerde verhandeling. Maart.
2. De Greef, W. 1998. *Calvyn over de Bijbel*. Den Hertog B.V.: Houten.
3. De Villiers, J.L. 1982. Aantekeninge oor die Hervormers se Skrifbeskouing en verklaring daarvan, met besondere verwysing na Calvyn. In: *Calvyn aktueel?* Brown E. (Red.). N.G. Kerk Uitgewers.
4. Hall, David W. & Lillback, Peter. 2008. *A theological guide to Calvin's institutes*. P&R Publishing Company.
5. Lawson, Steven J. 2007. *The expository genius of John Calvin.* Reformation Trust.
6. Murray, J. 1982. Calvin's Doctrine of Scripture. Calvin and the Authority of Scripture. In: *Collected writings of John Murray.* Deel IV**.** The Banner of Truth Trust.
7. Murray, J. 1979 (1970). *Calvin on Scripture and Sovereignty*. Evangelical Press.
8. Schulze, L.F. 1980. Calvyn en die Skrifgesag. *In die Skriflig***,** 14(56), Desember.
9. Zachman, Randall C. 2006. *John Calvin as teacher, pastor and theologian*. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Calvyn, die taak van die owerheid, en artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*

- Prof. A.W.G. Raath

Artikel 36

Artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* bepaal onder andere: *Ons glo dat ons goeie God, vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regeringe, sodat die losbandigheid van die mens bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. Met dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm. En hul amp is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris ten gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die woord van die evangelie orals te preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel. Verder is elkeen, van watter hoedanigheid, toestand of staat hy ook al mag wees, verplig om hom aan die owerhede te onderwerp, belastings te betaal, aan hulle eer en eerbied te betoon en hulle gehoorsaam te wees in alles wat nie stry met die Woord van God nie; vir hulle voorbidding te doen, sodat die Here hulle mag bestier in al hul weë en ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.*

Die grondbeginsels wat in artikel 36 opgesluit is, is die volgende: (a) elke skepsel moet God se eer verkondig; (b) die owerheid se regeertaak is aan God se Woord gebind; (c) die onderskeid en selfstandigheid van die kerk en die owerheid moet gehandhaaf word; (d) die Woord van God vereis voortdurende samewerking tussen kerk en staat. Dit was dié beginsels wat as vrug van die Reformasie die hoekpilare van die gereformeerde leer gevorm het. Dit blyk uit die geskiedenis van artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*.

Die geskiedenis van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*

Die *Nederlandse Geloofsbelydenis* vind sy historiese oorsprong grootliks in die geskiedenis van die Nederlandse stryd teen Spaanse oorheersing. In besonder spruit dit direk voort uit die troonbestyging van Fillips II van Spanje, wat as fanatiese Rooms-Katoliek, die Protestante in Nederland vervolg het. In 1561 breek die vervolgings weereens uit, omdat 'n groep Protestante die Psalms van Marot in die openbaar in die strate van Doornik gesing het. Ten einde vir hierdie Protestante in die bres te tree het Guido de Bres, aan die hand van die *Confessio Gallicana* (die *Franse Geloofsbelydenis*) wat in 1559 deur Calvyn opgestel is en deur Candieu hersien en deur die Sinode van Parys goedgekeur is, die *Nederlandse Geloofsbelydenis* opgestel en 'n kopie daarvan oor die muur van die kasteel van Floris Montiguy gegooi. In die brief het De Bres daarop gewys dat die Protestante nie rebelle, opstandelinge, woestaards of wederdopers is nie, maar dapper, vrome, gehoorsame onderdane wat begeer om God te dien. De Bres se pleidooi het op dowe ore geval en hy moes vir sy lewe na Frankryk vlug. Uiteindelik moes De Bres die hoogste offer betaal: op 30 Mei 1567 is hy buite die stadshuis van Valenciennes tereggestel. In artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* het De Bres die taak van die staatsowerheid behandel.

Die *Nederlandse Geloofsbelydenis* en die gereformeerde leer

Reeds in 1562 is De Bres se Belydenis in Nederlands vertaal en in 1566 deur die Sinode van Antwerpen goedgekeur. Die Konvent van Wezel het in 1568 van predikante verlang dat hulle hulself aan hierdie belydenis onderwerp. Op die Sinode van Dordrecht van 1618-1619 is dit as een van die hoekpilare van die gereformeerde belydenis aanvaar.

Tot 'n groot mate het artikel 36 sy oorsprong in die *Institusie* van Calvyn gehad. In Calvyn se *Institusie*, boek IV, verklaar hy byvoorbeeld dat die burgerlike owerheid die taak het om die uiterlike godsdiens te ondersteun en te beskerm, die gesonde leer van die vroomheid en die kerk as instelling te verdedig.

Die grondslae van die Belydenis is in Calvyn se uiteensetting van die drievoudige taak van die owerheid te vinde: om geregtigheid onder die mense te beoefen, om die godsdiens te beskerm en om die openbare eerbaarheid te handhaaf.

Die taak van die staatsowerheid in ander gereformeerde belydenisskrifte

Calvyn se standpunte oor die roeping van die staatsowerheid vind weerklank in 'n hele aantal belydenisskrifte van Protestantse inslag. In artikel 23 van die *Westminster Belydenis* word onder andere bepaal dat God, die Opperste Vors en Koning van die hele wêreld, die burgerlike owerhede onder hom oor die mensdom gestel het vir sy eie eer en die openbare welsyn, en dat vir hierdie doel die staatsowerheid met die swaardmag toegerus is ter verdediging en aanmoediging van diegene wat goed doen en tot die straf van die kwaaddoenners (Romeine 13: 1-4; 1 Petrus 2:13, 14). Voorts bepaal hierdie belydenisskrif dat dit vir Christene geoorloof is om staatsampte te aanvaar en uit te oefen met die oog op die handhawing van geregtigheid en vrede, deur middel van goeie wette in elke staatsgemeenskap.

Die *Skotse Belydenis* van 1560 het in artikel 24 bepaal dat God konings, owerhede en vorste tot die heil van die mensheid aangestel het, dat hulle sy stadshouers is om die goeie te verdedig en te beskerm, maar die slegte te wreek en te straf. Voorts lui die belydenis: "Bowendien verklaar

Vervolg op bl. 7

Vervolg van bl. 6

ons dat aan konings, vorste, regeerders en magistrate hoofsaaklik en allermees die bewaring en suiwering van die godsdiens toebehoort." Die implikasies is onder andere dat die owerheid nie slegs vir die burgerlike regering daargestel is nie, maar ook vir die uitroeiing van afgodediens en bygeloof, in welke vorm ook al, soos Dawid, Josafat, Hiskia, Josia en ander, hoog geprys is in hul ywer om die suiwerheid van die godsdiens te bewaar.

In die *Saksiese Belydenis* word onder andere voorsiening daarvoor gemaak dat die owerheid deur God ingestel is en dat God deur hierdie middele die samelewing in stand hou, sodat die kerk daaruit vergader kan word en dat die owerheid tot welsyn van die kerk bestaan.

Die implikasies van artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* en ander Protestantse belydenisskrifte

Aangesien geen enkele lewensterrein van die soewereiniteit van God uitgesluit kan word nie, is ook die staat geroepe om God te dien, te eer en hom vir die eer van sy heilige Naam te beywer. Artikel 36 en ander bepalings van die Protestantse belydenisskrifte stel die ideaal van 'n Christelike staat waarin die owerheid as dienaar van God in sy staatlike take en roeping die soewereiniteit van God erken en oor die eer van God se Naam waak; waarin die owerheid aan Gods Woord gebonde is en geroepe is om teen die valse godsdienste en afgodery op te tree.

Die implikasies hiervan is onder andere dat die Christelike owerheid as dienaar van God die naam van God in die grondwet moet erken en bely; God se naam in alle openbare stukke waar dit pas moet eer en Christelike dank- en biddae moet handhaaf. As sodanig moet die eer van God gehandhaaf en Godslastering strafbaar gestel word, asook alle geskrifte of propaganda verbied word wat opsetlik bedoel is om die Christelike geloof, die heilige Skrif en die Christelike waarhede te bespot.

Op onderwysgebied sou van die owerheid verwag kon word om in belang van die publieke onderwysvoorsiening Christelike skole op te rig en private onderwysinrigtings te finansier. In ander opsigte sou die owerheid, onderworpe aan die sedelike norme, deur artikel 36 veronderstel, die volgende moes handhaaf: advertensies en propaganda van staatsloterye sou verbied, die Christelike sending sou beskerm moes word en die heidense godsdiens in geen opsig bevorder word nie.

In die lig van artikel 36 en ander Protestantse belydenisskrifte sou die huidige en toekomstige staatsowerhede hulle voordurend aan die norme daarin vervat moes toets. Voorts sou die staatsowerheid homself moes verantwoord oor die heersende stand van owerheidsoptrede in ons land en met erns kennis neem van die mate waartoe van die Bybelse norme vir die optrede van die staatsowerheid afgewyk word.





Wat kan ons jongmense en studente by Calvyn leer?

- Ds. S. le Cornu

Inleiding

Johannes Calvyn (1509-1564), die Franse hervormer van Genève, het 'n groot begeerte gehad om die nageslag die vrese van die HERE te leer (vgl. Spr.1:7). Dit kom veral in twee aspekte van sy werksaamheid in Genève, Switzerland, na vore:

1. die kinders is van kleinsaf die Psalms geleer, sodat die gemeente weer 'n singende gemeente kon word, en

2. hy het hom vir 'n universiteit in Genève beywer, waar die leiers van môre opgelei en toegerus is, sodat hul daarvandaan die hele Europa sou ingaan om die Woord van God te versprei.

In hierdie artikel word op 'advies' wat Calvyn vir vandag se jongmense en studente sou hê gefokus, deur 'n paar gedeeltes uit sy werke aan te haal, en dit spesifiek op ons eie tyd van toepassing te maak:

1. Die gelowige jongmens rig sy/haar lewe in volgens God se Woord; nie hulle eie sondige gedagtes nie

"Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord." – Ps.119:9.

In sy kommentaar op hierdie vers, wys Calvyn op twee noodsaaklike redes waarom 'n jongmens sy lewe moet inrig volgens God se Woord:

1. *Op hierdie manier stimuleer die profeet mense op tot 'n vroeë en gedurige regulering van hul optredes, en om dit nie langer uit te stel nie, in lyn met die woorde van Salomo,* "En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie" (Pred.12:1).

'n Jongmens se lewe moet dus van vroeg af geoefen word in 'n lewe in diens van God en sy naaste, want hoe ouer 'n mens word, hoe moeiliker word dit om slegte gewoontes en luiheid af te lê. Ouers moet hul kinders ook van jongsaf leer om hul lewe in te rig volgens sy Woord, en self 'n voorbeeld daarin te wees (Deut.6:4-9).

2. *Daar is ook 'n ander rede, wat groei vanuit die feit dat die vleeslike neigings in die jeug baie sterk is, en daarom is dubbele selfbeheersing nodig; en hoe meer hul geneig is tot oormaat, hoe groter is die noodsaaklikheid om daardie losbandigheid te demp.*

Calvyn het die sondige natuur van die mens goed geken, en veral vandag se jongmens moet deeglik bewus wees van sy eie geneigdheid tot die sonde en onreg, want dit sal hom juis soveel te meer nie op sy eie insigte laat vertrou nie, maar op Christus en sy Woord om sy hele lewe daarvolgens in te ruim. Wanneer die jongmens deur jare geoefen is om 'ja' te sê vir wat goed, reg en heilig is; en 'nee' vir wat verkeerd, onheilig en goddeloos is, sal dit in sy ouer lewe goeie vrug dra (Spr.22:6; Tit.2:11,12).

2. Die doel van student wees is om te studeer, nie 'n jagtog om plesier nie

"As jy kom, moet jy die reismantel bring wat ek by Carpus in Troas laat bly het, en die boeke, veral die perkamente." – 2 Tim.4:13.

Calvyn wys op die belangrikheid om te lees, en dus te studeer, as hy by hierdie vers soos volg skryf: *Maar laat ons weet dat hierdie gedeelte gelowiges aanbeveel om gedurig te lees, sodat hul daaruit 'n voordeel kan trek.*

Daar is onder ons volk 'n groot krisis wat hierdie saak betref: mense, veral jongmense, lees nie meer nie. Al wanneer hul sal lees, is as dit nodig is vir 'n eksamen of as daar een of ander finansiële voordeel uit getrek kan word. In hierdie vers sien ons dat Paulus tot aan die einde van sy lewe aan die lees en studeer was. Die ware student is 'n lewenslange student, leer die Skrif en Calvyn ons hier. Soos die gesegde dit stel: "lesers word leiers!" Ouers moet daarom ook toesien dat hul van vroeg af hul kinders met boeke grootmaak, en self ook lees. Sit gerus maar 'n bietjie die televisie en rekenaar af, en kuier as familie en vriende om 'n goeie boek![1]

3. 'n Gelowige jongmens kompromitteer nie sy geloof nie

"En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie; daarom het hy die owerste van die hofdienaars vergunning gevra dat hy hom nie hoef te verontreinig nie." – Dan.1:8.

Daniel het nie van die koning se kos geëet nie, omdat hy sy lewe volgens God se wet ingerig het (Ps.119:9), en volgens die Ou Testamentiese wette was die kos van die koning onrein. Calvyn skryf by hierdie vers:

> *Hier wys Daniel ons sy volharding … hy het seker gemaak dat hy nie van die vrees van God afdwaal nie, en ook nie 'n vreemdeling vir sy volk word nie, hy bly getrou aan sy afkoms, en bly suiwer en onbesmet, 'n opregte aanbidder van God.*

Nie groepsdruk nie, nie die meerderheid nie, nie die tydsgees nie, maar die liefde en vrees vir die Here Jesus

---

1 Hier word die gelowige student en jongmens sterk aanbeveel, om naas die Bybel en die belydeniskrifte, ook die volgende twee boeke te lees om meer te leer oor ons Christelike geloof en Calvyn se lewe:

1. Die Institusie van die Christelike godsdiens, verkorte weergawe deur A. Duvenhage
2. Johannes Calvyn: 'n Historiese roman, deur Jansie van der Walt.
(Albei boeke is by die Gereformeerde Kerke se Admin Buro beskikbaar: tel. 018 - 297 3986.)

Vervolg op bl. 9

Vervolg van bl. 8

moet die lewe van die gelowige jongmens kenmerk, ongeag in watter omstandighede hy/sy is. Gee nie om hoe goddeloos en onchristelik ons universiteite word nie, ons kan nog steeds as sy kinders nougeset in sy weë wandel, deur die krag van die Heilige Gees.

Ons sien ook in Daniël se drie vriende se optrede (Dan.3), en in Daniël se optrede later in sy lewe (Dan.6:11) dat hul nie hul geloof gekompromeer het nie, maar eerder bereid was om dood te gaan, as om aan God se gebooie ongehoorsaam te wees (Dan.3:17,18).

Is dit ook waar in ons lewens as jongmense?

In ons elkeen se studentelewe?

4. Die gelowige jongmens oefen hom veral in die godsaligheid

"Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid. Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomende lewe het." – 1 Tim.4:7, 8.

Die gelowige jongmens geniet spaarsamig van hierdie wêreld, sy oë gefokus op Christus en die toekomstige lewe (Hebr.12:1, 2), terwyl hy tevrede is met wat hy uit God se hand ontvang. Calvyn skryf by hierdie vers:

> *Laat ons onthou om te onderskei tussen die goeie dinge van die huidige en die toekomstige lewe; want God skenk goedheid aan ons in hierdie wêreld, sodat ons kan proe aan sy goedheid, en deur daaraan te proe, al die hemelse voordele begeer as-ook daarmee tevrede te wees. Die goeie dinge is daarom in hierdie lewe vermeng met baie swaarkry, en selfs kan ons sê dat sommige oorval word daardeur, want dit is nie goed as ons oorvloed in hierdie wêreld het nie, sodat ons ons daaraan sal oorgee in luuksheid nie.*

Christus sê ook op 'n plek die volgende oor hoe ons as jongmense hom moet volg: "[24] Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red. [25] Wat baat dit 'n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen?" (Luk.9:24,25).

5. Die gelowige jongmens moet ook 'n voorbeeld en getuienis wees midde-in hierdie wêreld

"Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid". – 1 Tim.4:12.

Die gelowige student moet nie net sy geloof bely in hierdie wêreld nie, maar in die besonder ook uitlewe. Ons vind ons al meer in 'n samelewing en veral studentelewe wat nie meer die vrese van die Here ken nie, en daarom moet daar ook van gelowige jongmense 'n getuienis uitgaan deur hul Christelike lewenswyse. Calvyn skryf:

> *Ware versiering … is nie uiterlike kenmerk nie … maar suiwerheid van leer en 'n heilige lewe … deur die hele lewe: 'woorde en dade' … ywer vir God … reinheid van die hele lewe …*

Die gelowige student moet dus in wat hy glo én doen, suiwer wees. Dit help nie om net om suiwer te lewe, maar dwalinge aan te hang nie (sien ook Tit.2:7 en 1 Tim.4:16: Let op *jouself* en die *leer* …).

6. Die gelowige jongmens wil God bo alles eer in sy lewe

"Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny." - 2 Tim.2:15.

Die gelowige student, ongeag in watter studierigting hy hom bevind, wil God eer deur sy studies te doen in die Lig van God se Woord (Ps.36:10). Hy wil God behaag in sy hele lewe, ook in sy studeerkamer. Dit beteken nie net 'n godsvresende lewe nie, maar ook dat elke vakgebied, elke wetenskapsterrein deur die bril van God se Woord bestudeer sal word (Institusie I.6.1). Die gelowige student hou vas aan die belydenis van A. Kuyper: elke duimbreedte van die heelal behoort aan Christus!

Calvyn skryf: Deur hierdie term (werker) vermaan Paulus hulle wat niks doen nie. Laat ons daarom 'werkers' wees … op so 'n manier dat sekere vrugte gesien sal word en dat ons geen rede het om ons te skaam nie … In kort, Paulus roep Timoteus op om fluks te wees …

Die gelowige student is nie 'n lui student nie, maar fluks besig om sy roeping te vervul in hierdie lewe tot eer van God. Moenie jouself Christenstudent noem, maar in jou studies berei jy nie voor vir klasse, leer nie vir eksamens en werk nie hard nie. Veral mense van ander gelowe, wat baiemaal hardwerkendes is (Moslems, Chinese Budhiste, Joodse studente) sal nie wil deel wees van die Christelike geloof as dit 'n klomp luiaards en nuttelose mense tot gevolg het nie. Moenie Christus se naam weggooi deur lui en onverantwoordelike studente te wees wat Pa se geld mors op universiteit nie. Die ergste is natuurlik teologiese studente wat nie toegewy is aan hul studies en roeping nie. Onthou die Prediker sê daar is 'n plek vir ontspanning, geniet en rus (Pred.3:13), maar dit staan alles in die konteks en raamwerk van Pred.11:9,10 en 12:13,14:

Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring. En weer verdriet uit jou hart, en hou die kwale weg van jou liggaam, want die jeug en die jonkheid is nietigheid. … Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.

Vanselfsprekend is dit dan ook dat as die gelowige student die Woord as bril gebruik om na sy lewe en studies te kyk, hy die Woord ook reg

Vervolg op bl. 10

Vervolg van bl. 9

en tot eer van God moet gebruik. So moet die student dus nie net student wees van sy eie vakgebied nie, maar ook God se Woord, sy hele lewe lank. Daarom moet die gelowige student gereeld Bybel lees, eredienste bywoon, Bybelstudies en seminare opsoek om verder toegerus te word, goeie boeke lees wat hom verder toerus vanuit Christelike oogpunt gesien, ens.

7. Laastens, die gelowige jongmens kan sonder Jesus Christus niks doen nie

5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. - Joh.15:5.

Alles wat hierbo genoem is, van punt 1 tot 6, om gelowig te wees, om gelowig jonk te wees, om 'n gelowige student te wees ook in vandag se wêreld, kan ek nie wees sonder 'n vaste geloof in Jesus Christus nie.

Calvyn skryf hier: "Solank ons apart van Hom staan, sal ons geen vrugte oplewer wat goed en aanvaarbaar is vir God nie, ons is nie in staat om enigiets goed te doen nie. … Die Skrif wys op 'n ander plek dat ons droog en onbruikbaar is, voordat ons in Hom is."

Maarten Luther, se slagspreuk was: ons word gered uit genade, deur die geloof alleen sonder die werke. Daarmee is ons met Hom eens, maar Calvyn gaan verder en sê die redding is nie 'n doel opsigself nie, maar die doel van alles, ook ons redding is: soli Deo gloria (aan God alleen die eer). En, ons kan God alleen eer, as ons in Christus is (sola Christi).

Om saam te vat: in hierdie sewe punte het ons gesien dat Calvyn ons as jongmense, as gelowige studente leer om midde in hierdie wêreld, toegerus te word deur God se Gees en Woord, om sy skepping te bestudeer, sodat al die lof en eer aan Hom mag gaan.

"Of julle dan eet of drink of enigiets doen (studentwees! – SleC), doen alles tot verheerliking van God." – 1 Kor.10:31.

Bronnelys

BYBEL. 1953. *Die Bybel:* dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika.

CALVYN, J. 1002. I*nstitusie van die Christelike godsdiens*. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, [Online] Available: Logos Library System.

Hoe het Calvyn die Woord benader?

- Ds G. Opperman

Unieke benadering

Een van die slagspreuke van die hervorming was *ad fontes*! ("terug na die bronne!"). Daarmee het die bestudering van die Griekse en Hebreeuse manuskripte van die Bybel weer voorrang geniet. Calvyn stel 'n nuwe en vars siening van die lees van die Bybel aan die orde. Hy was ten diepste daarvan oortuig dat die lewende God nog steeds deur die Skrif met mense praat. Vir hom is Skrifverklaring die strewe om die stem van die lewende God self te hoor. Alles begin en eindig by die Woord. Daar is geen sentrale dogmas in sy teologie waaraan alles gekoppel en na teruggevoer kan word wanneer die Skrif gelees word nie. Daar is slegs die voortdurende luister na die Woord.

Calvyn se fokus is op die voor-die-hand-liggende, letterlike en grammatiese betekenis van die Skrif, en nie op dieperliggende, geestelike betekenisse agter die ooglopende strekking daarvan nie. Hy is geïnteresseerd in die betekenis en betekenisvolheid van die Woord. Die historiese konteks van die Skrif is vir hom van uiterste belang, soos ook die oospronklike betekenis van die woorde van die teks.

Die uitsonderlike van sy benadering is egter dat hy deurlopend die term "na my oordeel" gebruik. Dit beteken dat hy nie noodwendig seker is van die finale betekenis van die teks nie, maar inderdaad ander as medeluisteraars van die teks verwelkom.

Alles wat die Skrif leer moet sonder bewys gelowig aanvaar word. Niks mag aan die Skrif toegevoeg en niks daarvan mag weggelaat word nie. Wanneer die Skrif swyg, dan swyg ons ook in nederigheid. Hierdie was die grondreëls van Calvyn se Skrifbeskouing.

Calvyn was ook veral besorg oor die neiging wat hy by sommige waargeneem het om enige skerp kante van die Woord te ontwyk. Omdat almal daarvan hou om gevlei te word, swig baie bedienaars onder die versoeking om toe te gee aan die korrupte begeertes van die wêreld, deur die Woord van God sagter te maak as wat dit is.

In sy kommentaar op Handelinge 20:26 en 27 gaan hy uitvoeriger daarop in. Geen sterflike mens mag so vermetel wees om die Skrif te vermink en uitmekaar te trek, sodat hy dit of dat volgens sy eie sin inkort om dinge te verdoesel nie. Baie vind daar ook genot in om die Woord van God deur hulle eie metodes te verdraai en daarmee 'n vermenging van 'n soort filosofie met die evangelie en hulle eie versinsels te fabriseer omdat so iets meer in mense se smaak val.

In die nalatenskap van Calvyn is daar nie 'n uitgewerkte stel reëls vir die verklaring van die Heilige Skrif te vinde nie. Tog kan ons, deur sy werke na te gaan, wel deeglik agterkom hoe hierdie Geneefse teoloog daaroor gedink het.

Wat homself betref, sê Calvyn, gee hy voorkeur aan wat verstaanbaar en ter sake is Teenoor diegene wat die Skrif met groot omhaal van woorde uitlê, kan hy hom nie laat wegbeweeg van sy liefde vir wat ter sake is nie. Deur die boodskap van die Skrif nie met eie menings te vermeng nie, wou hy gehoorsaam bly aan sy opdrag as verklaarder: Alle ware kennis van God word immers uit gehoorsaamheid gebore.

Vir Calvyn was die oogmerk in sy kommentare, sowel as in sy prediking om die werklike bedoeling van die Skrif vas te stel en dit aan sy lesers en hoorders deur te gee. Volgens hom het die hooftaak van die verklaarder daarin gelê om die Outeur self aan die Woord te stel sonder om woorde na sy eie goeddunke in die Outeur se mond te lê.

Hierteen moet elke Skrifverklaarder en prediker waak. Vanuit bepaalde vooropgesette idees kan dit al te maklik gebeur dat eie sieninge aangebied word, asof dit met die gesag van die Goddelike Woord beklee is. Dit gebeur dikwels onopsetlik. 'n Verklaring van die Bybel moet noodsaaklik daarvan uitgaan dat die Bybel na sy eie bedoeling vertolk moet word.

Die Woord en die Gees

Waar vind ons die grootste probleem met die verstaan van die Skrif? Nie in die teks of die taal nie, skryf Calvyn, maar in die mens self. In sy kommentaar op 1 Kor. 1:20 stel hy dit so: die mens is net so min geskik vir die verstaan van goddelike geheime as 'n esel vir 'n konsert. Alhoewel Calvyn die noodsaak van taalstudie en eksegese besef het, en dit self ook bekwaam gedoen het, wys hy telkens in sy werke op die werk van die Heilige Gees met betrekking tot die verstaan van die Skrif. Dit is die Heilige Gees wat die hart van die mens moet sag maak, die ore moet deurboor en die oë moet oopmaak. In die proses van die verstaan van die Bybel tree die Gees op as die Begeleier. Hieroor het die hervormer hom breedvoerig uitgelaat.

Geen wonder nie dat Calvyn ook al by geleentheid die teoloog van die Heilige Gees genoem is.

Die Heilige Gees doen twee dinge: Hy beïnvloed die mens sodanig dat sy blindheid weggeneem word en Hy maak die menslike hart gewillig om hom aan die juk van Christus te onderwerp. Die verligtende werking van die Gees is volgens Calvyn nie nodig omdat die Woord donker sou wees nie. Die Woord is immers 'n helder lamp. Omdat die Woord egter onder die blindes skyn, moet daar by die ligtende Woord ook die verligtende Gees kom.

Sou ons soek na die rede hoekom Calvyn die Heilige Gees se werk met betrekking tot die verstaan van die Skrif, so sterk beklemtoon het, is dit ongetwyfeld sy geloof in die totale verdorwenheid van die mens. Die verstaan van God se Woord is dus nooit 'n vanselfsprekende saak nie.

Vervolg op bl. 12

Vervolg van bl. 11

In ons verdere bespreking van hierdie saak moet ons in gedagte hou dat Calvyn op twee fronte geveg het. Daar was die wederdopers wat die Woord geminag het en nie kon aanvaar dat God van so 'n uiterlike middel gebruik sou maak nie. Dan was daar die humaniste. Hulle het weer die erns van die sondeval geloën en die menslike natuur hoog in aansien gehou.

Die Gees kan dus eerstens nie losgemaak word van die Woord nie. Die Heilige Gees werk nie sonder die Woord om die hart te help verstaan nie. Om 'n onderskeiding te handhaaf dat die een innerlik werk en die ander uiterlik werk, gaan ook nie op nie.

Calvyn erken wel dat die Woord eers gehoor moet word alvorens die Gees dit van die oor na die hart oordra. Die verstaan van die Woord deur die Heilige Gees kan alleen plaasvind daar waar die Woord gehoor word.

Sedert Pinkster, aldus Calvyn, is die Gees en die Woord onlosmaaklik verbind: onderskeibaar, maar nie skeibaar nie.

In een van sy laaste Bybelkommentare (Esegiël) gee die reformator besondere aandag aan die Woord-Gees verhouding in verband met die verstaan van die Woord. Ons moet goed onthou, so skrywe hy, dat die krag van die Woord nie in die klank van die Woord opgesluit is nie. Die krag van die Woord kom deur die verborge ingewing van die Heilige Gees. Ons leer dit by die profeet Esegiël. Aan die een kant verseker die profeet ons dat hy die stem van God gehoor het ... die stem wat hom beveel het om op sy voete te staan, maar andersyds beklemtoon die profeet ook dat hy nie deur die stem opgewek is nie ... totdat die Gees hom op sy voete gestel het!

Sonder om dinge te skei, maak Calvyn dus 'n onderskeiding tussen die Woord van God en die werking van die Gees om aan te toon dat die Woord op sigself, sonder die Gees, kragteloos is.

Wanneer Calvyn vervolg, dan rig hy sy skrywe teen die wederdopers. Hy wys daarop dat alhoewel die Gees aan die Woord krag verleen, dit hoegenaamd nie beteken dat die Woord, die taal, die prediking, die verklaring daardeur oorbodig geraak het nie. Dit het God immers behaag om op hierdie wyse te werk.

Grondreëls vir uitleg

Die grondreëls vir die wyse waarop Calvyn die Skrif uitgelê het, kan soos volg opgesom word.

- die uitleg moet helder en duidelik wees.
- in die uitleg moet na die bedoeling van die skrywer gesoek word.
- die uitlegger moet rekening hou met die konteks waarin die teks staan.
- in die uitleg moet die werklike betekenis van die teks uiteengesit word.
- daar moet ag gegee word op historiese, geografiese en kulturele omstandighede.
- die uitlegger moet versigtig wees om nie verder te gaan as die direkte letterlike woord nie.
- daar moet rekening gehou word met die stylfigure en die beeldspraak in die Bybel.
- die uitlegger moet aantoon hoe die teks op Christus betrekking het.
- die uitleg moet gerig wees op die algemene belang van die kerk en die praktyk van die geloofslewe..

Die besondere wins van Calvyn se benadering lê daarin dat ons nederig sal wees oor die bydrae wat die taal- en tekswetenskap kan vermag as dit by die verklaring van die Heilige Skrif kom. Sy werk as Skrifverklaarder was begrond in sy geloof in die nog groter werk van die Heilige Gees. Alhoewel hy self 'n uitnemende taalgeleerde was, het hy nooit die taal as sodanig verheerlik of die verstaan van die Skrif in die taal as sodanig gesoek nie.

Ons nederigheid in die verband kan ook nie anders as om ons gedurig op ons knieë te hou nie.

Bronne:

Floor, L. 1982. Die Hermeneutiek van Calvyn. *In die Skriflig*.

Jordaan, G.J.C. 1991. Skrifbeskouing: Deurslaggewende faktor by Skrifverklaring. *Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO*.

Potgieter, P.C. 2008. Calvyn oor die leiding van die Heilige Gees in die verklaring van die Skrif. *Acta theologica*.





Calvyn in biografiese konteks

- H.J. Hayes

Inleiding

Soos enige jongmens van sy/ haar tyd, was ook Johannes Calvyn (1509-1564) nie van die strominge van die heersende tydsgees gevrywaar nie. Alhoewel hy (danksy veral sy moeder) as 'n toegewyde Rooms-Katoliek grootword, kon sy vroeë godsdienstige opvoeding weinig daartoe bydra om 'n Bybels-korrekte beoordeling van sy tydsomstandighede te doen. Tot met sy hartgrondige bekering in 1533 (op 24) kan hy wel as godsdienstig bestempel word, maar sy lewe was beslis nog nie een van oortuigde Christenskap nie. Die rede daarvoor: Gods Woord was in daardie tyd soos 'n geslote boek. Ware Skrifkennis was kerklik verdoesel, en al meer ontoeganklik weens die Latynse taal. 'n Egte godsdiens- en lewensoortuiging het dus by die jong Calvyn ontbreek. Hy sou eers deur 'n grondige ondersoek en studie van *Die Bybel* – Christelike onderwys – moes gaan om tot die regte insig en verstaan van die Godsopenbaring en die werklikheid te kom.

Intense uitgebreide studie

Calvyn het sy studie aanvanklik in die regte (onder aandrang van sy vader) aan die Universiteit van Orléans se beroemde regsfakulteit begin (1528). Hy is daarvoor bekend dat hy homself nie gespaar het wanneer hy met studie besig was nie, wat 'n nadelige uitwerking op sy gesondheid kon gehad het. In 1529 gaan hy na Bourges vir verdere regstudie, waar hy in lewende kontak met die gees en toon van die Italiaanse Renaissance kom. Dit is hier waar hy die Romeinse Reg leer ken en bewonder. Calvyn wil egter ook baie graag Grieks bestudeer, omdat die klassieke tale hom almeer begin boei het. Hy behaal in 1531 sy doktoraal in die Regte. In daardie stadium het hy as jong regstudent hom nog tussen die pole van kerklike sanktifikasie en die heersende humanistiese lewens- en wêreldbeskoulike geestestroming van sy tyd bevind.

Aan die Universiteit van Parys kom hy met verskeie invloede in aanraking waarvan, benewens die humanisme[1], ook dié van die Griekse letterkunde en die Renaissance. Sy geniale leermeester was die opvoedkundige, Mathurin Cordier, wat die insigte van die humanis, Erasmus (1469-1536), verkondig het. Aan hom het Calvyn sy besondere kennis van Latyn en Frans te danke. Dáár word (heel gepas) aan hom (Calvyn) die Latynse weergawe van sy Franse naam, Jean Cauvin, toegedig, waarmee hy later wêreldbekendheid as hervormer verwerf het. Calvyn maak met die eerste beginsels van die logika, filosofie en Middeleeuse teologie, asook (vir hom belangrik) die werk van die vroeë Christelike kerkvaders, veral Augustinus (354-430), kennis. Sy akademiese opgang in daardie omstandighede word as merkwaardig beskou. Hy word 'n geleerde man van diepgaande studie en wydlopende kennis, maar sy ontwikkeling word, volgens bronne, ook deur kontakte en vriendskappe medebepaal.

Calvyn word as 'n persoon met 'n sterk wil en skerpe intellek beskryf, wat (op jeugdige ouderdom) oor buitengewone kennis van die Bybel beskik het. Sy oorspronklike voorneme was trouens om in die teologie te studeer. Na verwerwing van sy regskwalifikasie begin hy dus met 'n studie van die klassieke tale, waarin hy hom as student onderskei. 'n Uiters belangrike fase in Calvyn se ontwikkeling breek aan, wanneer hy in Parys die heilige Skrif in die grondtale, naamlik Grieks en Hebreeus begin bestudeer, ondanks smalende protes wat van die Universiteit van Sorbonne kom. Laasgenoemde was daarop gerig om die (Paryse) klassieke geleerdes as "aanhangers van die Lutheranisme" verdag te maak. Calvyn se latere kommentare op die Nuwe Testament gee o.m. blyke van sy heldere insigte in die Griekse grondteks.

Deur sistematiese ondersoek en studie van die heilige Skrif en van die vroeëre kerklike geskrifte, begin die waarheid van die Woord geleidelik vir Calvyn oopgaan.

Tyd vir besinning, bekering en beslissing

Die humaniste het hulle in daardie tyd almeer verwyderd van die Rooms-Katolieke kerk bevind, tot die mate dat hulle bereid was om openlike kritiek uit te spreek. Die kerk het nogtans sodanige houvas op sy lidmate gehad, dat selfs Calvyn nie bereid was om hom daarteenoor op te stel nie. In daardie stadium was Calvyn nog tevrede om tussen sy humanistiese vriendekring, sy kerklike verbondenheid en sy akademiese opgang vir homself 'n lewensbeskoulike ewewigspunt te probeer vind. Maar dit is duidelik dat nie een hiervan vir hom gemoedsrus besorg het nie; nóg die humanistiese beskouinge, nóg die Rooms-Katolisisme, nóg sy diepgaande studie. Vanweë sy uitmuntende kennis van die klassieke tale is dit aan Calvyn opgedra om die invloedryke werk van Seneca, *Oor die sagmoedigheid*, te publiseer (1532). Dit word as 'n werk wat die denke van Calvyn en sy tydgenote beslissend beïnvloed het, beskou. Die oorspronklike werk (ongepubliseerd) was na bewering aan die wrede Romeinse keiser, Nero, gerig.

Intussen begin Calvyn almeer van die onvermydelik uitkringende Lutherse Reformasie bewusword. Teen daardie tyd laat ook in Switserland en Frankryk die Reformasie sy invloed toenemend geld. Calvyn is teen hierdie tyd terdeë van die wantoestande van die kerk bewus, o.m. die aflaatstelsel, maar wil hom nog nie openlik by die Reformasie skaar nie. Schippers (1959:17) skryf dat Calvyn deurentyds 'n innige eerbied vir die kerk as instelling getoon het, wat hom weerhou het om hom daarteenoor op te stel, ten spyte van die houding van sy humanistiese vriende.

Vervolg op bl. 14

1 Geestesstroming in die 14de tot die 16de eeu, wat deur 'n hernieude belangstelling in die klassieke wetenskap en kuns gekenmerk is. Die humanisme ag godsdiens van sekondêre belang en stel eerder menslike waardigheid en vryheid voorop.

Vervolg van bl. 13

Calvyn het selde oor homself gepraat, maar aan ene kardinaal Sadoleto, skryf hy soos volg (vry vertaal): "Ek het al hierdie dinge (die leer en insettinge) van die kerk onderhou, en tog, hoewel ek daardeur tydelik 'n mate van rus kon smaak, was ek nog ver verwyder van 'n geruste gewete" (Schippers, 1959:15,17). Calvyn erken dat hy dikwels deur vrees beetgepak was, as gevolg hiervan. Maar dan maak hy ook die volgende veelseggende uitspraak: "Ondertussen is daar 'n ander leer (die Lutherse – HJH) aan die ontstaan, wat hom nie van die Christelike leer wil distansieer nie, maar die belydenis tot die oorsprong daarvan (uiteraard die Bybel – HJH) wil terugneem" (Schippers, 1959:17). Calvyn beleef toenemende spanning tussen die Rooms-Katolisisme en die Lutherse leerstellings. Hy besef dat hy 'n besluit moet neem oor waar hy hom wil skaar, maar kan nog nie sover kom nie. Daarby wil Calvyn hom nie in 'n posisie bevind dat hy van kettery beskuldig word nie.

Gedurende daardie tyd (1ste helfte, 16 de eeu) word in Europa die kulturele rykdom van die Antieke wêreld herontdek, maar dit is nie dít wat Calvyn se onrustige gemoed oorheers nie. Daar begin by hom 'n groeiende besorgdheid en onrus oor die kerk en die teologie, oor die kulturele lewe van sy tyd ontstaan. Verontrusting oor die kultuurmens, die Christen-kultuurdraer, het hom in die lig van sy studie van Die Bybel, algaande beetgepak. Verontrusting oor wát die onderwys aan jongmense moet bied, oor hoedanig die kontak met die jongmense moet wees en wat die ware weg is wat die jongmense aangedui moet word; daaroor was hy ernstig besorgd. Hy raak hewig ontsteld oor die dorheid en verskraling wat die kerklike lewe van daardie tyd gekenmerk het. Hy raak by Bybeluitgawes betrokke en ondersoek die godsdienstige en sedelike skatte van die antieke Oudheid. Hy word gedring om 'n studie van die vroeë kerkvaders te onderneem. Alhoewel hy toe reeds persoonlik almeer van die grondwaarhede van die heilige Skrif oortuig geraak het, aarsel hy steeds en deins terug vóór die oorstap na die Reformasie. Prominente humaniste van sy tyd het veel kritiek teen die kerk te lewer, maar wil nie die weg van die Reformasie inslaan nie.

Toe breek die deurslaggewende jaar, 1533, aan, waarin die innerlike spanning in Calvyn se persoonlike lewe tot 'n hoogtepunt gevoer word. Dit is dieselfde tyd dat in Genève, waar hy later sou gaan werk, die Reformasie begin posvat. Guillaume Farel (1489-1565) predik reeds daar die suiwer Evangelie; sommige gee gehoor, maar by andere is daar bitterheid en opstand. In daardie tyd verskyn Calvyn se kommentaar op Seneca se werk. Daardeur word sy besondere bekwaamheid as klassikus en kenner van die Romeinse Reg bevestig. Daarin kom veral Calvyn se verontwaardiging oor skynvroomheid voor, met verwysing na mense wat van binne vol ongeregtigheid is, maar na buite 'n skyn van eerbaarheid vertoon. In sy kommentaar skemer reeds iets van 'n groeiende en heilige verset teen verregaande korrupsie in die Rooms-Katolieke Kerk deur. Een passasie dra die onmiskenbare stempel van Psalm 68, wat later die strydlied van die Franse Protestante sou word. Calvyn het in sy kommentaar ook oor vorste en onderdane uitgewy; 'n uiters aktuele onderwerp vir sy tyd. Veral die gedeelte waar Seneca skryf dat die vorste nie alleen voorregte besit nie, maar ook gehoorsaamheid teenoor God en verpligtinge teenoor onderdane moet nakom. Wou Calvyn daarmee 'n pleidooi vir sagmoedigheid teenoor owerhede wou laat hoor?, in pas met Seneca se vermaning aan keiser Nero, teen wat as sy kranksinnige vervolging ('dementia') jeens die vroeë Christendom beskou was.

Calvyn se bekering was nie 'n saak wat op die ingewing van die oomblik of die aandrif daartoe plaasgevind het nie, maar, volgens gesaghebbende bronne, ná 'n tydperk van grondige en sistematiese ondersoek van die heilige Skrif en die vroeëre kerklike geskrifte. Dit word beskryf as dat daar 'n dag in sy lewe aangebreek het dat Calvyn nie langer weerstand kon teen die oorreding van God se Gees kragtens die waarheid van sy Woord kon bied nie. Op daardie dag het die goddelike waarheid onkeerbaar in sy lewe deurgebreek en 'n hartgrondige bekering het gevolg. Daaroor sê Calvyn self (vry vertaal): "God het my hart wat vir my leeftyd geheel en al verhard was, tot gehoorsaamheid onderwerp" (Schippers, 1959:23). In sy kommentaar by Jer. 31:18 beskryf Calvyn bekering later as "'n vernuwing van die verstand en die hart" (Potgieter, 1980).

Kragtige stryder vir die Koninkryk

Dit sou daarna nie lank wees nie voordat hierdie aristokratiese, maar van nature skugter man, met mense van allerlei stand sou omgaan; voordat hierdie teruggetrokke mens kragtig sou begin optree as 'n stryder in belang van Gods Koninkryk. Daarmee word Calvyn se openbare optrede ingelui, deurdat hy nie anders kon nie as om hom nou openlik teen die leer van die Rooms-Katolieke Kerk uit te spreek. Hy skaar hom voortaan uit innerlike oortuiging by die Reformasie, en rig die bekende skrywe aan die koning van Frankryk waarin die standpunt van die Reformasie soos dit op die Bybelse geloofs- en sedeleer gegrond is, uiteengesit is. Die koning is egter woedend en Calvyn kan nie anders nie as om ter wille van sy lewe uit Parys te vlug. Hy gaan vestig hom later (1535) in Basel, Switserland, en werk voort aan sy hoofwerk, sy *opus magnum*, naamlik *Die onderwysing in die Christelike godsdiens*. Hierdie werk verskyn in 1536 (1ste uitgawe), en staan kortweg as die *Institusie* bekend. Dit beslaan verskeie boekdele. Dit is hierdie werk van Calvyn wat die kerklik-godsdiensige wêreld van daardie tyd omgekeer het. Daarin word die waarhede van die Christelike godsdiens behandel, soos wat dit op grond van *Die Bybel* as gesagvolle en onfeilbare Woord van God uitgelê en verstaan moet word; nie die eiewillige verklaring wat mense en, soos in Calvyn se tyd, die Roomse Kerk, daaraan (ge)gee (het) nie. Die vyfde uitgebreide herdruk daarvan het in 1559 verskyn.

Die besondere betekenis van Calvyn se hervormingswerk het in Genève praktiese toepassing gevind. Hier moes dit wat Calvyn op grond van

Vervolg op bl. 15

Vervolg van bl. 14

die Woord as die wesenlike van die Christelike godsdiens na vore gebring het, in die stadsgemeenskap verwerklik word. Dit kan as die 'laboratorium' beskou word waar die beginsels van die Woord wat deur die Reformasie opgediep en blootgelê is, vir die stadsbewoners tot lewensbetekenis gemaak sou word. Hoe sien die regering van die burgerlike en kerklike gemeenskap waarbinne God na sý bedoeling en eise gedien en geëer moet word, daar uit?, is die aktueel-relevante vraag. Dit was oorspronklik nie in Calvyn se gedagte om met hervormingswerk in Genève te begin nie. Maar dit was Farel, die kragtige hervormer-prediker van die stad, wat die ingrypende betekenis van Calvyn se *Institusie* in terme van die Skrifgetrouheid daarvan ingesien het, wat tot optrede oorgegaan het. Calvyn moes ten alle koste oorreed word om daar te bly, sodat hierdie ywer vir Gods Koninkryk in die omstandighede van die stadsopset tot verwerkliking kon kom. Calvyn se uitspraak hoedat hy onder die ernstige vermaning van Farel gestaan het, wat hyself as 'n ontsettende beswering beskryf het, is bekend. Dit was asof God uit die hemel sy hand met geweld op hom gelê het. Onder aandrang van hierdie kragvolle werking, het hy besluit om wel in Genève te bly en daar met hervormingswerk te begin. Alhoewel Calvyn en Farel daarna deur die stadsraad verban word, gaan hulle in Straatsburg en Neuchâtel onderskeidelik met hulle bediening as predikante voort.

Seënryke bediening volg

Dit is in Straatsburg dat Calvyn tussen 1538 en 1541, benewens seënryke werk in die bediening, op 'n persoonlike vlak vele vreugdes beleef. Hier begin Calvyn met ewe belangrike werk as vantevore, naamlik die opstel van kommentare op die Bybelboeke, asook 'n beryming van die Psalms. Die Franse Psalmboek het in 1539 verskyn. Maar daar is ook ander gebeure van besondere belang. Een daarvan is dat hy vir die eerste keer met die leiers uit die Duitse hervorming in aanraking kom. Onder hulle is daar Phillipus Melanchton, een van Luther se nouste medewerkers, by wie Calvyn veel oor die hervormingswerk in Duitsland te wete kom. Hy het nooit 'n persoonlike ontmoeting met Martin Luther (1483-1546) beleef nie, maar hom (*Warc Update*, 2008:7) as 'n "groot man" bestempel, wat "uitstaan vir sy buitengewone geestelike gawes; dapper en onbeweeglik, bekwaam en geleerd". Dit is ook daar in Straatsburg waar Calvyn met die weduwee, Idelette van Buren, in die huwelik tree; nog 'n vreugdevolle oomblik in sy lewe.

In Genève het omstandighede intussen sodanig verbeter dat Calvyn in 1542 daarheen kon terugkeer om sy werk daar voort te sit. Die stadsraad het tot ander insigte gekom en was bereid om hom weer toe laat, ter wille van die harmonie en orde wat dit vir die stad sou teweegbring. Insgelyks is Calvyn se kerklike verordeninge vir die burgerlike en kerklike lewe deur die stadsraad aangeneem. Calvyn staan immers histories as die "hervormer van Genève bekend". Hy sit sy wêreldwyd-invloedryke werk daar voort tot met sy oorlye vroeg in 1564.

Christelike universiteit

Dit was deurentyds Calvyn se hartsbegeerte dat 'n universiteit wat op die Woord van God begrond is, in Genève tot stand gebring word. Dit het in 1559 plaasgevind, die jaar waarin die Akademie van Genève die eerste keer geopen is. Christelike onderwys in medisyne, die regte en teologie is mettertyd daaraan gebied. Calvyn se jarelange hervormer-strydgenoot, Theodorus Beza (1519-1605) was as eerste rektor aangestel. Negehonderd studente uit Engeland, Frankryk en Nederland het tydens die opening ingeskryf.

Slotgedagte

Dit is egter veral ook die nawerking van die Calvinistiese geloofsoortuiging en lewensbeskouing wat soos 'n geestelike vloedgolf die wêreldoor uitgebrei het, wat vermeld moet word. Tot vandag toe het dit seënryke gevolge vir die kerk en die samelewing in talle Westerse lande meegebring, oral waar dit omarm

Vervolg op bl. 16



was. Dit was die Calvinisme as lewensingesteldheid, waarmee ons voorouers uit die Europese stamlande gedurende die 17de eeu na Suid-Afrika gekom het, en wat sy onmiskenbare stempel op die wording van ons volk en die verloop van die geskiedenis van die Afrikaner sedertdien afgedruk het. Daarom word in hierdie gedenkjaar die besondere bydrae en nalatenskap van Calvyn ten aansien van die Protestants-gereformeerde erfenis gehuldig.

Bronnelys

Potgieter, F.J.M. 1980. *Calvyn vir vandag*. Dagstukke. Kaapstad: Die Verenigde Protestantse Uitgewers.

Schippers, R. 1959. *Johannes Calvyn*. Kampen: J.H. Kok N.V.

Warc Update. 2008. December. Geneva: WARC



Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath, Prof D.F.M.Strauss.

50
(1999)

Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Ds S. le Cornu (Carltonville), Ds G. van Heerden (De Deur), Ds R. Bain (Potchefstroom), Prof I.H. Horn (Pretoria), Ds G. Opperman (Brits), Dr H.G. Stoker (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer (Brakpan), F.A. van Deventer (Pretoria), Prof J.A.E. Adendorff (Germiston), ds J.J. Viljoen (Pretoria), en dr A.L.A. Buys (Pretoria).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes

Gedruk deur Handisa Media • Tel: (051) 403 8500